BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 20

In Les 12 het ons 'n opsomming gegee van Les 1-11. In hierdie gedeeltes het ons stilgestaan by die Heilige Gees in die Bybel.
In Les 12-19 het ons beweeg na die vrug en gawes van die Heilige Gees. In Les 12 het ons gevind dat Jesus Christus ons deur sy Gees salf, verseël en in ons woon. Dit beteken:

- Ons staan nou onder leiding en toesig van die Heilige Gees.
- Die seël is die waarborg dat Christus ons deur sy Gees sal vashou en beskerm tot en met die wederkoms.
- Die salwing beteken dat die Heilige Gees ons sal toerus vir ons taak in hierdie wêreld.

Dit alles hou in dat ek deur gebed meer en meer vervul word met die Heilige Gees [Les 13]. Hierdie vervulling word sigbaar in die vrug en gawes van die Heilige Gees [Les 14-15]. In Les 16 leer ons meer oor die gawes en in Les 17-19 behandel ons die gawe van gesondmaking asook die spreek in tale.

Opsomming oor die gawe van gesondmaking.
Die groot vraag waarmee gelowiges worstel, is die vraag of die gawe van gesondmaking vandag nog voorkom. Om die vraag te antwoord, moet ons terugkeer na Jesus self: wat was die kenmerk van Jesus se genesing? Aan wie dra Hy hierdie gawe oor? Wat was die kenmerk van hulle genesingswonders?
In die eerste plek moet ons raaksien dat Jesus die gawe van gesondmaking aan die apostels oorgedra het [Luk.9:1-2]. Vergelyk ons die kenmerk van Jesus se genesing met die van die apostels, kom ons agter dat dit presies dieselfde was:

- Beide maak mense gesond deur aanraking of die spreek van 'n woord [Matt.8:7-8, 13; Mark.5:25-34; Hand.9:32-35 en 28:8].
- Beide se genesing was onmiddellik [Matt.8:13; Mark.5:29; Luk.5:13, 17:14; Joh.5:9; Hand.3:2-8].
- By beide was die genesing volledig [Luk.4:39; Hand.9:34].
- Jesus en die apostels het aan alle siektes en kwale aandag gegee [Luk.4:40, 9:11; Hand.5:12-16 en 28:9].
- Jesus en die apostels het dooies opgewek uit die dood [Luk.7:11-16; Mark.5:22-24, 35-43; Hand.5:12-16; 28:9].

Wat was die doel van hierdie genesingswonders? Baie duidelik nie om gelowiges gesond te hou nie. Paulus self het gelowiges siek agtergelaat sonder om hulle met sy gawe gesond te maak [vgl. Fil.2:25-27; 1Tim.5:23 en 2Tim.4:20]. Die gawe van gesondmaking was slegs daar as teken vir die ongelowiges om hulle te oortuig dat die evangelie die waarheid is.

Die gawe van spreek in tale:

Die Griekse woord wat vir tale gebruik word, is glossã en beteken tong of tale. Dit is baie belangrik om te verstaan dat die "ongewone" wat elke keer bygevoeg word in die 1983 vertaling, nie in die oorspronklike teks voorkom nie.

- In 1 Korintiërs 13:1 word genoem dat gelowiges die tale van engele "kan" praat ['n hemelse taal]. Maar wat bedoel Paulus met hierdie vers? Die vorm van die werklik die tale van engele kan praat, sal die werkwoorde in die indikatiefvorm staan. Al die werkwoorde staan egter in 'n vorm wat beteken dat alles in vers 1-3 gerig is op iets wat onwerklik is [konjunktief]. Paulus stel met ander woorde 'n hipotese: selfs al was dit moontlik om die tale van engele te praat [wat nie moontlik is nie], sal dit sonder die liefde niks beteken nie.
- In Handelinge 2:4,6 praat die dissipels in die kenbare tale van die tyd. 15 Verskillende tale word genoem. Ongelowiges het daarom die evangelie in hul eie taal gehoor. Vir die woord "tale" word die Griekse woord glossã gebruik – dieselfde as in 1 Korintiërs 12-14.

Hoofstuk 14 gee aan ons twee bewyse dat die spreek in tale nie 'n gebrabbel was nie, maar werklike tale wat gepraat is.

- In 1 Korintiërs 14:13,27 word gepraat van die gawe om 'n vreemde taal te kan *uitlê*. Die Griekse woord vir uitlê is hermeneuō. Dit beteken letterlik om te vertaal en word gebruik vir die vertaling van 'n bestaande taal.
- In 1 Korintiërs 14:21-22 praat God met die ongelowige Israel. Paulus verwys hier na Jesaja 28:11-12. Hy verduidelik dat die Here reeds in Jesaja aan Israel gewys het dat die evangelie gaan uitbrei na die heidennasies en daarom na vreemde tale. In 1 Korintiërs 14 hoor die ongelowige Israel hoe daar in heidense tale gepraat word en hoe dit uitgelê word. Dit is daar vir hulle as teken dat hulle tot bekering kan kom. Om 'n sinvolle teken te wees, kan die vreemde tale nie maar 'n gebrabbel van klanke wees nie. Dit moet 'n bestaande vreemde taal wees wat gepraat en vertaal word. Dit sal die ongelowiges beïndruk.
- Die gemeente in Korinte moet besef dat die gawe van profesie die gemeente opbou terwyl die spreek in tale alleen gerig is op die persoon self.

<u>GROEI IN DIE GEES</u>.

Wat is geestelike groei? In hierdie bybelstudie kyk ons na die volgende sake:

- Geestelike groei as 'n gawe;
- Geestelike groei as 'n opdrag;
- Geestelike groei as 'n proses;
- Wat God vra gee Hy ook.

<u>DIT IS 'n GAWE</u>.

- LEES Efesiërs 1:3-6.
  Wie het ons met al die seëninge van die Gees, geseën? Wat is die seëninge van die Gees?

- Ons is deur Jesus Christus kinders van God. Is dit 'n gawe van God of iets wat ons moet verdien? Waaruit lei u die antwoord af?

- Ons is in Christus uitverkies om "heilig" voor God te wees. Wat beteken hierdie "heilig"?

GEESTELIKE GROEI IS 'n OPDRAG.

- LEES 1 Tessalonisense 4:1-12 [veral vers 1 en 3].
  Ons word deur God geroep om heilig te lewe. Wat moet ons doen om heilig te lewe?

GEESTELIKE GROEI IS 'n PROSES.

- LEES Hebreërs 12:1-3.
  Waarmee vergelyk die skrywer 'n Christen se lewe?

- Wat lei u hiervan af: is geestelike groei 'n groeiproses of 'n eenmalige gebeurtenis?

Die wonderlike waarheid is dat alles wat God van ons eis of vra – Hy ook eers aan ons gee.

- Voltooi die volgende gedeeltes met behulp van die Skrifgedeeltes:
- God vra van ons geloof – maar [Ef.2:8].....

- God vra dat ons vir Hom moet getuig – maar [Hand.1:8].....

- God vra dat ons die sonde moet oorwin – hiertoe gee [Fil.4:13].....

- God vra dat ons geestelik moet groei – hiertoe gee [1Tess.4:8].....

GELOOFSEKERHEID IS 'n VEREISTE VIR GEESTELIKE GROEI.

- LEES Romeine 8:14-17.
  - ♦ Wie is almal "kinders van God"?

  - ♦ Wie getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is?

  - ♦ Wat beteken dit?

B. ANTWOORDE.

1. God die Vader het dit aan ons gegee deur Jesus Christus. Die seëninge van die Gees dui op ons verlossing in Christus, die gawes van die Heilige Gees, die vermoë om God se wil te doen asook die ewige lewe saam met God.
2. Dit is deur en deur 'n gawe van God. Ons is reeds voor die skepping uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Onberispelik beteken dat ons in Christus skoongewas voor God verskyn.
3. In die Bybel dui heilig op alles wat aan God behoort. Die woordjie beteken letterlik: om afgesonder te wees; om soos die son te straal. Ons is met ander woorde vir God afgesonder en moet in ons lewe sy heerlikheid uitstraal.
4. God het ons afgesonder om vir Hom te lewe. Maar dit beteken nie dat ons nou rustig agteroorsit en die heilige lewe geniet nie. Nee! Om heilig te lewe beteken om te lewe soos God dit wil hê: ingestel op sy wil.

5. Die beeld van 'n atleet word gebruik. Hy werp alles in die stryd om sy einddoel – die wenstreep - te bereik.
6. Geestelike groei is 'n dinamiese proses waartoe 'n gelowige opgeroep word. Daar moet in 'n gelowige se lewe steeds vooruitgang wees in die geloof. Ons moet al hoe gehoorsamer word aan die leiding van die Heilige Gees.
7. God vra van ons geloof – *maar dit is 'n gawe van God.*
   God vra dat ons vir Hom moet getuig – *maar Hy gee ook die Heilige Gees aan ons sodat ons kan getuig*.
   God vra dat ons die sonde moet oorwin – *hiertoe gee Christus ons die krag.*
   God vra dat ons geestelik moet groei – *hiertoe gee Hy die Heilige Gees.*

- Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei.
- Die Heilige Gees.
- Die Heilige Gees bewerk absolute sekerheid in 'n gelowige se lewe. Daarom moet gelowiges 'n punt bereik dat hulle nooit meer twyfel dat hulle werklik kinders van God is nie. Ons moet onthou: twyfelaars kan nie geestelik groei nie.

****